GEBEDSLYS

Siekes, verswaktes en mense in Ouetehuise; **Mariska Meyer (Claassen)**, kanker (072 284 5408); **Leanda Louw**, kanker (082 301 6222); **Lizette Fitzhenry**, kanker, (082 574 5046); **Edward Weston**, kanker (082 900 9364); **Elsa van Niekerk**, kanker (082-454 0699); **Franci Swanepoel**, kanker (044-690 7442); **Elfrieda Louw** (084-240 4279), Siegfried se vrou, kry chemo; **Harm Cuperus**, (Marie 083 504 7315); **Tryana Potgieter**, vasculitis vd brein (072-460 3861); **Gustav Kruger**, klierkanker (082-572 2024); **Lorraine Halkett**, tongkanker, wag vir behandeling, (044-6904897); **Carina Meyer** se pa - beroerte; **Derick Graham**, kanker (082 450 0382); **Doy Hattingh** (076 376 0677); **Lanie Theron**, (072 691 7969); (Heila Grebe se dogter), borskanker; **Dries Kotze**, heup (Madelein 082-787 5548); **Lucy Esterhuysen**, rug, (082-928 6261); **Hannie Kuun**, longe (072 300 0314); **Sunita Botha**, knievervanging (082 946 6155); **Mary Hasse**, been (082-559 6361); **Mattie Steyn**, knie vervang (084-691 1839); **Jan Louw** in Bayview (Anneri 082-489 7997); **Sean Grassow**, virus infeksie (082-6723487); **Helen Terblanche**, hartprobleme (072-143 7196); Wikkie & Alison van Vuuren se skoonseun, **Hardus Wilken,** kanker (082-825 8443); naasbestaandes van **Sakkie Schutte** (Elsabe 078-7243012); Al die mammas en pappas wat die week kinders in die hospitaal gehad het met 'n virus.
Buffalo rally – ons bid vir veiligheid & genade.

CD BESTELLINGS

By die deure is Koeverte vir die bestel van CD's (R20 per CD).
Preekopnames kan ook van die webwerf afgelaai word.

L.W FINANSIËLE BYDRAES

Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:
NG Kerk Mosselbaai
ABSA – 2070580023
(Indien jy vir 'n spesiale projek bydra, gee jou naam en projek by die verwysing.)

Vir sendingbydraes:
GO NG Kerk Mosselbaai
ABSA spaar – 9305467263
Takkode: 632 005

BEDIENINGE

Gebed: Corrie Prinsloo (082 331 1724) en Monica van Niekerk (082 859 8599)
Roeping: Lorinda Maritz (044 693 0097)
Erediens: Carel Kuun (082 335 4864)
Diakonie: Libbie Young (083 759 7815)
Familie: Nico Knoetze (083 656 2129)
Kleingroepe: Basie Fourie (083-310 0811)
Omgee: Elize Barnardt (082 829 8133)
Sending: Ena Loubser (082 736 5339)
Aksie Sam: Mandie Black (082 451 3543)
Finansies: Cobus Coetzee (082 453 3305)
Eiendomme: Lodewyk Coetzee (082 939 0443)
Seniors: Johan Swart (081 875 5178)
Kommunikasie: Anna-Mari Kruger
Gasvryheid: Marisca Nordjé (082 780 2408)
Nuwe Lidmate: Yolande v Dyk (082 653 4769)
DVK: André Geldenhuys (083 455 7764)

KERKKANTOOR

Kantoorure : Maan.– Vry. 08:00 tot 14:00 & Sondagoggend na die eredienste
Admin- en Kommunikasiebeampte:
Corné Human - 044 691 2465
E-pos: admin@ngmosselbaai.co.za
Kassier en Finansies:
Esther Prinsloo - 044 690 8091
E-Pos: finansies@ngmosselbaai.co.za
Fasiliteitebestuurder:
Org v. Heerden - 083 378 2467
E-pos: fasiliteite@ngmosselbaai.co.za
Musiekleier: Irma Botha-082 615 8264
Jeughulp: Anthonette Erasmus -072 630 2594

PREDIKANTE

Gerrie: 044 690 5140/084 436 9420
gerrie@ngmosselbaai.co.za
Pierrié: 044 690 6797/076 110 4202
pierrie@ngmosselbaai.co.za
Henri: 044 691 1393/083 455 6940
henri@ngmosselbaai.co.za

FAMILIENUUS

SONDAG 14 April 2019

08:00	10:00	18:00
Koelteboomdiens	**Sonskyndiens**	**Kuierkerk**
Prediker: Pierrie Kies **Skrif:** Psalm 118 **Tema**: Geluk		**Prediker**: Gerrie van Deventer **Skrif:** Efesiers 5 **Tema**: Die Gees: Verhouding ekspert Oueraand vanaand – ouers welkom!

KATEGESE

Nuuskierige Agies	**(3jr–Gr R)**	**10:00 – 11:00**
Borrelklub	**(Gr 1-3)**	**08:50 – 09:50**
Woordweters	**(Gr 4-6)**	**09:00 – 10:00**
Gr 7-11		**18:00 – 19:45**

MOSSEL BAY PRAYER DAY

Die Mosselbaai munisipaliteit in samewerking met kerke en verskeie geestelike leiers roep almal op tot gebed vir ons land en sy mense
Datum? Vandag 14:00
Waar? Van Riebeeck stadion
Kom ons neem in groot getalle deel.

Die Spesiale Sinodale kollekte gaan vandag vir **Jan Kriel Instituut**.
Jan Kriel Instituut bestuur die deernis en omgee van die Kerk (en ander persone) by Jan Krielskool, waar leerders met spesiale onderwysbehoeftes gehelp word. 580 Kinders van Graad R tot Matriek, wat moet saam leef met verskeie gestremdhede – onder andere weens disleksie, epilepsie, siektes, ongelukke en spesiale leerbehoeftes – kry hier spesialis onderwys. Gemeentes en gelowiges se liefdegawes, donasies en borgskappe word deur die Instituut bymekaar gemaak en verantwoordelik aangewend.

NUWE MENSE
Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!
Ontmoet die Nuwe lidmaatbediening na 'n diens by die **Gemeentehuis.**
Kom geniet 'n koppie tee/koffie na afloop van die eredienste

www.ngmosselbaai.co.za ngmosselbaai "Like" ons om lid te word en op hoogte te bly

AKTIWITEITE VIR DIE WEEK

MAANDAG 15 April	06:30-07:00 Bid saam		
DINSDAG 16 April	10:00 Henri se Vroue-Bybelstudie	15:30 Sending	
WOENSDAG 17 April			
DONDERDAG 18 April	10:00 Gerrie se Senior Bybelstudie - Stilhouplekke		
	24-uur Gebedswag (bid tuis vir ons gemeenskap, SA & wêreld)		
VRYDAG 19 April	06:00-07:00 Henri – Wild at Heart-mannegroep	GOEIE VRYDAG 09:00 Paasnagmaal	KERKKANTOOR GESLUIT

IN FOKUS

PAASNAWEEK IN MOSSELBAAI MOEDERGEMEENTE

In die tradisie van die kerk is Paasfees met 7 Lydensweke voorafgegaan. Dis eintlik die belangrikste tyd in die kerklike jaar en is hierdie jaar net na die vakansie. Ons staan veral stil by:

- **Stil Donderdag** (18 Apr. van 10:00-20:00)
  Jy word uitgenooi om rustig en nadenkend Jesus se Kruisweg te loop. Ons gebeds-bediening het kreatief stasies in die klipkerk, kerkgebou en buite in die terrein ingerig. Jy begin in die Klipkerk met die laaste avondmaal (nagmaal). Jy ontvang 'n boekie met tekste en oordenkings vir elke stilhouplek en volg dan die aanwysings van stasie na stasie, waar jy by elke stasie in stilte eie tyd met God spandeer. Probeer om nie met ander op die pad te gesels nie. Sluit dan weer af in die Klipkerk nadat jy iets van Jesus se lydenspad beleef het. Die kruisweg is oop vanaf 10:00 tot 20:00.
- **Goeie Vrydag** (19 Apr. om 9:00)
  Paasnagmaal om 09:00 (trek swart klere aan vir Jesus se kruisiging). Die kollekte gaan vir die Omgee bediening se werk met siekes, by begrafnisse en hulpverlening.
- **Paassondag** (21 Apr. – 6:30 op die strand en 8:00 & 10:00 in die kerk)
  Dagbreekbyeenkoms op Santosstrand: Ons vergader met die VGK en Vida Nova op die strand vanaf **06:30** waar ons liedere sing, 'n teks deel en wag vir die son wat om **06:59** deurbreek. Bring eie kombers, stoel en warm klere.
  Paasfees erediense 08:00 & 10:00 (trek wit klere aan vir Jesus se opstanding). Dis 'n dag van kleur en feestelikheid. Christus het waarlik opgestaan!

Christus se lyding is aangrypend en Hy nooi jou om Sy pad met Hom te loop. Fokus die hele week daarop en laat die 2019 Paasfees 'n onvergeetlike ervaring in jou lewe wees.

JY'S GENOOI OM DEEL TE WEES:

KOORUITVOERING : 14 APRIL

Die Siamo Musica koor gee vandag om 16h00 'n uitvoering in die Klipkerk onder die tema, "Musiek in die gees van Paasfees". Toegang is gratis, en donasies (waarvan deel aangewend sal word vir die klavier fonds vir die saal) sal by die deure gevra word. Die uitvoering sal ongeveer een uur duur.
Navrae aan Francois le Roux 083 321 7120

PAASUITVOERING: NG GEORGE

Ons nooi u almal hartlik uit om op Woensdag, 17 April, 'n baie besonderse Paasuitvoering in die NG Moederkerk op George by te woon.
Geleentheid : Gewyde Paasuitvoering, "Die Passie van ons Heer".
Teks : Gedigte deur WEG Louw
Toonsetting : Musiek deur Dalene Brits
Kunstenaars : Musicā Amici-kamerkoor o.l.v Dalene Brits
Datum : Woensdag 17 April 2019
Tye : 13:10 en 18:00 (Twee uitvoerings)
Toegang : Gratis
Kom gerus na hierdie geleentheid vir 'n innige belewenis van die betekenis van die Lydenstyd en Pase.

FRANSE DINEE

Danabaai gemeente bied 'n dinee aan – 'n Franse Fees op 10 Mei 2019 om 6:30 in Danabaai se Kerksaal met Franse dekor en atmosfeer. Teken solank hierdie onvergeetlike reis aan in u dagboek.
Ons feesmaal is n viergang Franse cuisine en ons word vermaak met Franse ensemble en sang, en liedere deur Siamo Musica. "Reiskaartjies" is nou beskikbaar teen R150 per persoon by Ria Schutte en by tafel gasvrouens.
Vir besprekings, kontak vir Ria Schutte: Tel: 0446981738 en 0835324669

BAIE WELKOM NUWE LIDMATE

Die lidmate is met Bewys van Lidmaatskap na ons gemeente oorgeplaas:
• Andries Johannes Jacobus De Kock en Hester Helené Mostert (nou De Kock), vanaf NG Rustenburg – Proteapark (kontak asb die kerkkantoor met lidmaat besonderhede);
• Tjaart Johannes Steenekamp, vanaf NG Eldoraigne;
Ons is bly dat jy by ons "huisgesin van God" aansluit en hoop jy sal hier 'n geestelike tuiste vind.

LERAAR BEWEGINGS

Henri is die naweek met verlof, maar is van Sondagaand af terug

BORG-'N-BANKIE

Die houtbankies by die gemeentehuis is besig om te verweer en raak gevaarlik om te gebruik. Ons wil dit met verloop van tyd vervang met bankies wat van herwonne materiaal vervaardig is. Daar is reeds een aangekoop as voorbeeld.
Lidmate het nou die geleentheid om 'n bankie te borg – as individue of as 'n groep. 'n Naamplaat van die skenker/s sal op die bankie aanbring word.
Kontak asseblief die kerkkantoor vir meer inligting

AKSIE SAMARITAAN

Aksie Samaritaan benodig babagoed, speelgoed, kinderklere en volwasse klere. Skenkings kan asseblief by die kerkkantoor ingehandig word.

BASAAR

Houthangers om vir die basaar se handwerkafdeling oor te trek, is by die Kerkkantoor beskikbaar en kan by Corné afgehaal word.

DATABASISVORM: Indien jy nog nie 'n databasisvorm voltooi het nie, neem asb. een in die voorportaal of laai v.d. webwerf af. Handig by kerkkantoor in of e-pos na admin@ngmosselbaai.co.za.